# SAKE BURGER (KAAP), DIE
15 Oct 2004
Page : 2 #
Newspaper Print Quality

# Regstellende aksie kom onder die loep

**JACO LEUVENNINK**

KAAPSTAD. – Die uitspraak van biskop Bethelehem Nopece van die Anglikaanse Kerk in Port Elizabeth dat daar 'n afsnypunt vir regstellende aksie behoort te wees, is deur die VF Plus verwelkom.

Biskop Nopece het volgens berigte by die algemene sinode van die NG Kerk op Hartenbos gepraat oor die rol van kerke in transformasie. Hy het aangevoer 'n afsnypunt van 12 tot 20 jaar behoort vanaf die inwerkingtreding van die Wet op Billike Indiensneming ingestel te word omdat regstellende aksie jongmense seermaak.

Volgens Nopece is daar aan die een kant ekonomiese wanbalanse wat reggestel moet word, maar aan die ander kant word jongmense geraak wat nie verantwoordelik was vir die wanbalanse nie. Hy het ook aangedui dat die siening nie net sy eie is nie, maar deel is van 'n debat wat tussen kerklui en selfs wyer gevoer word.

Mnr. Willie Spies, VF Plus-woordvoerder oor arbeid, het gister gesê al meer Suid-Afrikaners begin besef dat regstellende aksie nie op die lange duur die antwoord is vir armoede en werkloosheid in Suid-Afrika nie.

Mnr. F.W de Klerk, voormalige staatspresident, het eweneens vandeesweek op die Eskom-forum vir Afrika-sakeleiers in Sandton gewaarsku dat Suid-Afrika al meer kundigheid verloor omdat minderheidsgroepe vervreem voel as gevolg van regeringsbeleidsrigtings soos regstellende aksie. Veral wit mans voel dat hulle nie geken word in beleidmaking nie en sien transformasie dikwels as 'n nuwe vorm van rassediskriminasie, het De Klerk gesê.

Volgens 'n meningspeiling van Markinor vroeër vanjaar onder 3 500 Suid-Afrikaners, glo meer as die helfte (54%) van alle Suid-Afrikaners dat jongmense wat pas tot die arbeidsmark toegetree het, nie aan regstellende aksie onderworpe moet wees nie.

Die meerderheid ondersteuners van die tradisioneel swart partye meen ook so. Bykans die helfte van die ANC-ondersteuners (49%), 44% van IVP-ondersteuners, 61% van UDM-ondersteuners en 58% van PAC-ondersteuners glo jongmense moenie deur regstellende aksie geraak word nie.

Spies het gesê die VF-Plus beywer hom vir die vrystelling van alle kinders wat ná 1992 vir die eerste maal skool toe is van die beperkinge van regstellende aksie. Die voortgesette diskriminasie teen jong wit Suid-Afrikaners het volgens hom reeds gelei tot 'n uitvloei van duisende talentvolle jong gegradueerdes na Brittanje, Amerika, Nieu-Seeland en Australië. Dit kan 'n duur ekonomiese prys word as hulle nie vir die ekonomie behoue bly nie, het Spies gesê.